

LAERSKOOL CONSTANTIAPARK

Kultuurbeleid

1. DOEL VAN DIE KULTUURBELEID

By Laerskool Constantiapark word leerlinge aangemoedig en uitgenooi om aan kultuuraktiwiteite deel te neem. Die holistiese ontwikkeling van elke leerling is vir ons belangrik en daarom word leerlinge ook beloon vir hul prestasies. Kultuuraktiwiteite en prestasies binne en buite skoolverband word in berekening gebring. Leerlinge akkummuleer punte op die kultuurtabel om in aanmerking te kom vir 'n toekenning.

2. WAAROM HANDEL DIE BELEID?

Verskeie kultuuraktiwiteite word in die beleid opgeneem. Die vlak van prestasie word gekoppel aan 'n punt. Die leerling se punte akkummuleer deur die loop van die jaar op die tabel om dan in aanmerking te kom vir die verskillende toekennings. Die beleid word jaarliks hersien en nuwe items/kompetisies word bygewerk.

3. HOE WORD DIE DOEL BEREIK? WAT IS DIE WERKSPROSEDURE?

Leerlinge ontvang 'n vorm (Addendum1) waarop hulle aandui aan watter kultuuraktiwiteite hulle deelgeneem en presteer het. Bewyse word aangeheg. Presteerders van sommige aktiwiteite word deur die skool se organiseerders verskaf byvoorbeeld Kore, Redenaars en Voortrekkers.

Punte vir elke aktiwiteit word op die kultuurtabel verwerk om die leerling se totale punt vir die betrokke jaar te bepaal. Daar word voorsiening gemaak vir uitslae wat te laat ontvang word vir die huidige jaar se toekennings – dit staan oor tot die volgende jaar.

Sodra die totale punt bepaal is, is dit duidelik watter toekenning die leerling sal ontvang. Leerlinge word gelys onder die verskillende afdelings en ontvang dan tydens die kultuurmerietefunksie hul toekenning(s).

Daar word ook 'n reeks wisseltrofeë oorhandig soos omskryf in die Kultuurbeleid. Die kultuurhoof en organiseerder bespreek elke kandidaat en bepaal na aanleiding van sy/haar prestasie wie vir die trofeë kwalifiseer. Die kultuurpaneel vergader van tyd tot tyd om die kompetisies in die betrokke jaar te evalueer met die doel om toekennings in die spesifieke jaar aan te suiwer.

4. PERSONE BETROKKE

Die volgende persone betrokke by die uitvoer van die beleid:

- Kultuurhoof
- Organiseerder van Merietefunksie
- Organiseerders van die volgende aktiwiteite:

- Juniorkoor
- Seniorskoor
- Voortrekkers
- Sentrum vir die Kunste
- Redenaars
- Fotografie

7. VOLLEDIGE BELEID

Kultuuraktiwiteite en-prestasies binne en buite skoolverband word in berekening gebring. Punte word deur die betrokke jaar opgebou om in aanmerking te kom vir toekennings.

| | |
|--------------------------------------|----------|
| Erekleuresertifikaat en goue balkie | 50 punte |
| Meriete sertifikaat en silwer balkie | 40 punte |
| Meriete sertifikaat en rooi balkie | 30 punte |
| Meriete sertifikaat | 20 punte |
| Sertifikaat van verdienste | 10 punte |

Balkie kan verwerf word in: Musiek, Drama, Kuns, Dans, Koor, Fotografie.

Redenaars en Voortrekkers: 'n Leerling kan 'n kultuurbalkie verwerf wanneer verskillende aktiwiteite wat saamgevoeg word, genoeg punte akkumuleer.

- Balkies word vir die kategorie waarin die hooste prestasie behaal is, gegee.
- Indien 'n leerling in meer as een afdeling/kategorie 50 punte versamel het, kom hy/sy in aanmerking vir 'n volgende balkie.
- 'n Kultuurbalkie word aan leerlinge uitgereik wat presteer in 'n kultuurvorm waarvoor daar nie in die beleid voorsiening gemaak word nie.
- 'n Leerling kan net een goue *Erekleure-balkie* per afdeling/kategorie verwerf.
- Uitslae wat nog nie beskikbaar is vir die prysuitdeling nie, kom in aanmerking vir die volgende jaar.
- ALLE sertifikate moet gedateer wees.
- 'n Kultuurbalkie word ook aan leerling gegee wat presteer in 'n kultuurvorm waarvoor daar nie in die beleid voorsiening gemaak word nie.

Vind op die Kommunikasieplatforms die beleid in detail en die puntetoekenning vir die onderskeie kultuuraktiwiteite.